## 16.13 RAPPORT 7 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – MEKSIKO (Art 124)

## 16.13 REPORT 7 – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – MEXICO (Art 124)

A. Ds ASA de Bruyn stel die Rapport.
Rev. ASA de Bruyn tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **Deputate verantwoordelik vir die lessenaar:** Dr DG Breed(s) en dr HPM van Rhyn. | **Deputies appointed to this desk:** Dr DG Breed(c) and Dr HPM van Rhyn. |
| **1. Iglesia Nacional Presbiteriana de México, A.R. (INPM)**<br>Ekumeniese bande | **1. Iglesia Nacional Presbiteriana de México, A.R. (INPM)**<br>Ecumenical Ties |
| 1.1 *Opdrag* | 1.1 *Mandate* |
| 1.1.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese bande tussen die GKSA en die INPM | 1.1.1 Note is to be taken, with thanks, of the ecumenical ties between the GKSA and INPM. |
| 1.1.2 Dat die bande onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van deputate en deur samewerking op praktiese vlak. | 1.1.2 These ties are to be sustained and bolstered by *inter alia* mutual visits by Deputies and cooperation on a practical level. |
| 1.1.3 Dat die moontlikheid van ondersteuning aan die INPM in die opleiding van hulle predikante, ondersoek sal word. | 1.1.3 Possible aid to the INPM in the training of their ministers must be investigated. |
| **Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.3 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1.1 to 1.1.3 noted.** |
| <u>*Sake waarvan die Sinode kennis neem*</u> | <u>*Matters that the Synod takes note of*</u> |
| 1.2 *Uitvoering van opdrag* | 1.2 *Fulfilment of task* |
| 1.2.1 Dr Douw Breed en dr Malan van Rhyn is deur die Deputate Ekumeniese Sake afgevaardig om die General Assembly van die INPM in Ciudad Valles, Meksiko 15-20 Julie 2018 by te woon. | 1.2.1 Dr Douw Breed and Dr Malan van Rhyn were delegated by the Deputies: Ecumenical Affairs to attend the General Assembly of the INPM in Ciudad Valles, Mexico (15-20 July 2018). |
| 1.2.2 Die GKSA se afvaardiging is hartlik ontvang en daar is seker gemaak dat hulle kon deel in verrigtinge tydens die vergadering. Vertalers het voortdurend vanuit Spaans in Engels vertaal sodat die afgevaardigdes besprekings en besluite wat geneem word, kon volg en selfs kon deelneem. | 1.2.2 The GKSA's delegation was warmly received and interpreters provided by the INPM ensured that they could follow the discussions and decisions and even participate. |
| 1.2.3 Geleentheid is gegee dat die GKSA aan die General Assembly 'n | 1.2.3 The Deputies were afforded the opportunity to convey the GKSA's |

| | |
|---|---|
| groeteboodskap bring. | greetings to the General Assembly. |
| 1.2.4 Daar was groot belangstelling in dit wat in Suid-Afrika gebeur, in die geskiedenis van die GKSA en in besonder in die GKSA se teologiese opleiding in Potchefstroom. Tydens die byeenkoms is gesprekke gevoer met rektore van drie van die INPM se seminariums. Dit was uit die gesprekke duidelik dat daar by die INPM 'n groot behoefte is aan deeglike en Skrifgetroue teologiese opleiding. Advies is aan die broers gegee indien teologiese studente en dosente van die INPM via die NWU voorgraads en nagraads wil studeer. | 1.2.4 Great interest was shown in the GKSA's activities, history and especially its theological training in Potchefstroom. Discussions were held with the rectors of three of the INPM's seminaries. It became clear that there is great need within the INPM for thorough and Scripture-based theological training. These brothers were advised on undergraduate and postgraduate study via the NWU. |
| **Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.4 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.2.1 to 1.2.4 noted.** |
| *Sake waaroor die Sinode besluit* | *Matters that the Synod decides on* |
| 1.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoeme Deputate)* | 1.3 *Recommendations (instructions for the to be appointed Deputies)* |
| 1.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese bande tussen die GKSA en die INPM. | 1.3.1 Note is to be taken, with thanks, of the ecumenical ties between the GKSA and INPM. |
| 1.3.2 Dat die bande tussen die GKSA en die INPM onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak. | 1.3.2 These ties are to be sustained and bolstered by *inter alia* mutual visits by deputies and cooperation on a practical level. |
| **Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.** | **Decision: Points 1.3.1 and 1.3.2 approved.** |